# NOTULE VAN DIE STIGTINGSVERGADERING VIR DIE HUISEIENAARSVERENIGING VAN NUM-NUM ESCAPE ESTATE WAT GEHOU IS OP 17 NOVEMBER 2007 OM 10:00 BY DIE SWIFT LOKAAL VOORBAAI

## 1. Opening en Verwelkoming

Francoise Johnston, Mede Ontwikkelaar, open die vergadering en verwelkom almal teenwoordig. Die geskiedenis van Num-Num en die konsep van die Ontwikkeling is voorgestel. Hy maak die eienaars teenwoordig atent daarop dat die doel en leuse van die Lede van die HEV moet wees:

" **dat ons as mens inpas by die natuur en nie die natuur by ons nie."**

Wessel Schalkwyk word voorgestel, sy betrokkenheid by die Ontwikkeling beskryf en versoek om die vergadering te lei.

## 2. Teenwoordig

Die volgende lede was teenwoordig by die vergadering:-

| | | |
|---|---|---|
| D Johnston | Nr 55 en 50 | ( ERF 18708 & 18713) |
| (namens Benrita Trust) | Nr 58 | (ERF 18705) |
| (namens S Ferreira) | Nr 43 | (ERF 18720) |
| (namens Amston Trust) | Nr 54 | (ERF 18709) |
| (namens Dejaro Trust) | Nr 49 | (ERF 18714) |
| F Johnston (namens Zonnebloem Trust) | Nr 37,38,39,40,41,42 | ERF NRS 18739 -18744 |
| CW Schalkwyk | Nr 22 | (ERF 18690 |
| F Johnston (namens Formador) | Orige erwe nog in Ontwikkelaar se naam | |
| Phyllis Schalkwyk(namens M Kruger) | Nr 64 | (ERF 18728) |
| AP Nel (namens A2 Konstruksie BK) | Nr 70 | (ERF 18722) |
| JP Johnston | Nr 63 | (ERF 18703) |
| GE Jacobs (namens Eriaan Trust) | Nr 52 | (ERF 18711) |
| H Du Plessis (namens Mapierhan Fam Trust) | Nr 53 | (ERF 18710) |
| JN Bisschoff | Nr 60 | (ERF 18700) |
| J Joubert (namens C Joubert) | Nr 21 | (ERF 18691) |
| L Ferreira | Nr 59 | (ERF 18704) |
| J Fourie (namens RGP Trust) | Nr 61 | (ERF 18701) |
| A J van der Linde | Nr 65 | (ERF 18727) |

MCE Brits (nmns JR Trust) Nr 71 (ERF
(nmns Denrico Trust) Nr 56 & 57 (ERF
(nmns Mulder Beleggings Trust) Nr 67 (ERF

'n Presensielys word omgestuur vir al die teenwoordige lede om

Alle eienaars stel hulself voor.

Proksievorms:

Alle proksievorms word ingeneem en getel saam met al die te
Daar word bevind dat 'n kworum teenwoordig is en die
voortgaan.

3.1 Funksie van die HEV

Mnr Schalkwyk bespreek die funksie van die HEV, veral
bouplanne eers deur die HEV goedgekeur moet word en
"footprint" te bevestig. Die reëls rondom die bewaring van oop
toepassing van die Argitektoniese Riglyne word beklemtoon.

3.2 Konstruksiefases & Programme

Mnr Schalkwyk bespreek hoe vêr die konstruksiefase nou huidi
Fase 1 sal teen Einde 2007 voltooi word en Fase 2 is voorlop
einde April 2008 voltooi te wees.
Die beskrywing van brue, rietbeddings en oopareas word verd
Ontwikkelaars se onderneming daaromtrent is. Oopareas en in
die toekoms afgehandel word. Mnr Johnston verduidelik die v
van ingangsbeheer, onderandere Telkom se stelsel, en vra hoe
Telkom lyne wil beskikbaar hê.
Dit is besluit dat eienaars sal hul mening hieroor gee aan
volgende vergadering.
Omheining en die elektrifisering daarvan word ook bespreel
finale afhandeling deur die Ontwikkelaar.

3.3 Oorhandiging

Die HEV sal oorneem na die bespreekde items gefinaliseer
April 2008, en die verfraaiing van die Ontwikkeling gedurende 20

## 3.4 Verantwoordelikhede van die HEV.

Die belangrikste gedagte is dat die HEV die bouregulasies en reëls sal toepas en aanspreek wanneer nuwe eienaars inkom en beplan om te bou. Die HEV het die reg om die rëels uit te oefen en af te dwing op eienaars/bouers wat nie die reëls nakom nie.

Die HEV word versoek om met onmiddelike effek verantwoordelikheid te neem vir veral die beheer oor bouers, hul personeel bewegings, rommelstrooiing, ongemagtigde persone wat op die perseel beweeg asook die beskerming van die inheemse plantegroei en dierelewe. Boukontrakteurs / Eienaars moet werkers per voertuig vervoer vanaf die hoofingang na die bouperseel . Alle lede word versoek om deel te neem aan die toepassing van beheer. Die huidige boudeposito van R10 000.00 sal verbeur word indien enige van die reëls soos vervat in die "Contract of Compliance" nie stiptelik nagekom word nie. Rommelstrooiing word weereens genoem as 'n ernstige probleem en oortreding van bovermelde kontrak.

## 3.5 Begroting

Die voorlopige begroting is bespreek. Hoewel maandelikse heffings nie op Ontwikkelaars erwe van toepassing is nie, onderneem Mnr Johnston om 'n vasgestelde heffing van R200.00 per maand per Ontwikkeling erf te betaal ten einde 'n reserwe fonds vir die HEV te help opbou.

ERF 13 sal deur die Ontwikkelaar aan die HEV, teen 'n leningsrekening van R180 000 oorgedra word. Die funksie van ERF 13 is bespreek.

Eienaars is gevra om die begroting deur te gaan en enige voorstelle aan die HEV deur te gee voor die volgende vergadering ten einde 'n prioriteitslys op te stel en/of regstellings aan die begroting aan te bring.

Daar is besluit dat heffings van R250.00 vanaf 1 Januarie 2008 betaalbaar is vanaf alle eienaars (per debietorder)en dat betaling teen die 5de van elke maand op die HEV se bank rekening sal reflekteer.

Bankbesonderhede is hierby aangeheg. Lede reël self debietorders teen hul eie bankrekening, betaalbaar aan die HEV bankrekening.

Fakture sal slegs uitgestuur word aan Maatskappye, BK's en Trusts vir inkomstebelasting doeleiendes. U word daarop gewys dat die HEV nie vir BTW geregistreer is nie.

4 Verkiesing van die HEV

Die volgende lede is vernoem en aanvaar as Trustees vir die volgende bestuursjaar tot April 2009:

| | |
|---|---|
| Francoise Johnston | Ontwikkelaar |
| Jaco Fourie | Nr 61 ERF 18701 |
| Hannes Du Plessis | Nr 53 ERF 18710 |
| Wessel Schalkwyk | Nr 22 ERF 18690 |
| C Joubert (verteenwoordig deur J Joubert) | Nr 21 ERF 18691 |

D Johnston is aangestel as sekretaresse (nie Trustee)

Bogenoemde trustees sal met hul eerste Trustee vergadering tot hul onderskeie portefuljes verkies word en die lede dienooreenkomstig inlig.

5 Algemeen

Mnr L Ferreira, namens die Siviele Kontrakteur bedank die Ontwikkelaar en die huiseienaars vir hulle geduld in die tyd gedurende die konstruksie fase van die Ontwikkeling. Hy noem dat daar nog 'n paar weke van ongerief sal wees gedurende die teer van paaie.
Sypaadjies is bespreek, en besluit dat geen sypaadjies gebou sal word nie aangesien dit die groen/ natuur eienskap van die Ontwikkeling sal skaad.
Die Ontwikkelaar sal "kruisings" maak oor die damwaloorlope. Privaatheid van lede sal in ag geneem word met die beplanning van wandelroetes deur die HEV.
Spoedwalle en 4 x 30km per uur spoedbeperkingsteken sal deur die Ontwikkelaar aangebring word voor oorhandiging aan die HEV.
Die lede vra dat kommunikasie deur middel van e-pos sal geskied.
Dit is die verpligting van lede om ongewenste persone op die Ontwikkeling aan te spreek en te verwyder. Enige werker wat te voet in die perseel rond beweeg, mag deur enige lid verwyder word indien die lid vir wie hy werk nie teenwoordig is nie.
By voltooiing van Fase 1 sal die elektriesehekke in werking wees.
Hannes Du Plessis bedank vir die Ontwikkelaar en Konstruksie Maatskappy vir hul samewerking met eienaars wat tans bou.

Volgende vergadering

Die volgende vergadering sal op 16 Januarie 2008, 18:00 by die kantore van Rauch Gertenbach Prokureurs gehou word.
Die vergadering verdaag op 'n positiewe noot en Mnr Schalkwyk bedank almal verteenwoordig vir hul bydrae tot besluitneming.